education

Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# GRAAD 10

# TOETS

# REKENINGKUNDE

# MAART 2022

**PUNTE: 100**

**TYD: 1 ¼ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye,**
**en ‘n 6 bladsy antwoordboek.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy al die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die inligting in die tabel hier onder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| 1 | Joernale | 45 | 35 |
| 2 | Grootboeke | 35 | 25 |
| 3 | Rekeningkundige vergelyking en begrippe | 20 | 15 |
| **TOTAAL** | | 100 | 75 |

## VRAAG 1: KONTANTJOERNALE (45 punte, 35 minute)

### 1.2 KONTANTJOERNALE

Die volgende inligting is ‘n uittreksel uit die boeke van Skillie Handelaars vir Februarie 2022. Die onderneming handhaaf ‘n winsopslag persentasie van 80% op kosprys. **Moenie die joernale optel nie.**

**GEVRA:**

Stel die volgende joernale op:

1.2.1 Kontantontvangstejoernaal (16)

1.2.2 Kontantbetalingsjoernaal (29)

**TRANSAKSIES VIR FEBRUARIE 2022:**

1 Maak ‘n EFO-betaling aan Postnet vir R2 980 om die Januarie 2022 telefoonrekening te betaal.

3 Ontvang 'n EFO van Eybers Bank vir ‘n lening van R320 000 wat gedurende Februarie 2022 teen 18% rente p.j. onderhandel is.

5 Kontantverkope, R43 200 vir die week.

7 I. Ingemar, ‘n debiteur, vereffen haar rekening deur ‘n EFO-betaling van R12 825 te maak. Sy kwalifiseer vir ‘n korting van 5%. Sy het dit van haar rekening afgetrek.

9 Betaal ‘n krediteur, Bell Winkels, R22 600 as gedeeltelike vereffening van ons rekening. Ontvang R1 400 korting op die rekening. Die betaling is elektronies gedoen.

12 Koop handelsvoorraad van Mduma Verskaffers vir R36 500 en verbruiksgoedere. ‘n EFO-betaling vir R44 900 is gemaak.

13 EFO-betaling ten gunste van Fast Carriers vir die aflewering van handelsvoorraad beloop R3 500.

14 Betaal Paper and Co R2 690 met ‘n EFO vir die aankoop van skryfbehoeftes.

16 EFO-betaling aan Jones Winkels vir die volgende:
- Voorraad, R14 450
- Rekenaar vir kantoorgebruik R34 200

23 Elektroniese deposito van R24 600 is deur M. Nel (‘n debiteur) gemaak as 'n gedeeltelike betaling van haar rekening.

26 EFO-krediet vir Maart en April vir R16 600 as huur inkomste ontvang van VX Agentskap.

28 Die bankstaat vanaf Eybers Bank toon die volgende:

- Diensgeld R455; Kontantdepositofooie R184; Kredietkaartheffings R381 en rente op oortrekking R1 230.
- Debietorder betaling vir R8 500 aan BB Versekeraars. R2 000 is vir die eienaar se motor en die res vir die besigheid se voertuie.

**45**

**VRAAG 2: GROOTBOEKREKENINGE EN INTERPRETASIES (35 punte, 25 minute)**

2.1 **LITCHFIELD WINKELS**

Die onderstaande inligting is ‘n uittreksel vanaf die rekeningkundige boeke van Litchfield Winkels gedurende Februarie 2022. Die besigheid handhaaf ‘n winsopslag van 60% op kosprys.

**GEVRA:**

Stel die volgende rekeninge in die algemene grootboek op:

2.1.1 Bank (6)

2.1.2 Handelsvoorraad (10)

2.1.3 Krediteurekontrole (8)

2.1.4 Verkope (4)

**INLIGTING:**

**A. Saldo’s/Totale op 1 Februarie 2022:**

| | | R |
|---|---|---|
| Bank | (Dt.) | 45 900 |
| Handelsvoorraad | | 88 400 |
| Krediteurekontrole | | 94 200 |
| Verkope | | 155 800 |

**B. Totale vanaf die joernale op 28 Februarie 2022:**

| **Debiteurejoernaal** | **DJ1** |
|---|---|
| Verkope | 107 040 |
| Koste van verkope | 66 900 |

| **Debiteure-afslagjoernaal** | **DAJ1** |
|---|---|
| Debiteure-afslag | 27 000 |
| Koste van verkope | 15 000 |

| Kontantontvangstejoernaal KOJ1 | |
|---|---|
| Bank | 186 500 |
| Verkope | 120 000 |
| Koste van verkope | ? |
| Debiteure: Ontvangste | 52 000 |
| Korting | 9 200 |
| Diverse rekeninge | 14 500 |

| Kontantbetalingsjoernaal | KBJ1 |
|---|---|
| Bank | 165 300 |
| Handelsvoorraad | 96 500 |
| Toerusting | 34 400 |
| Krediteure: Betaling | 29 700 |
| Korting | 2 900 |
| Diverse rekeninge | 4 700 |

| Krediteurejoernaal | KJ1 |
|---|---|
| Krediteurekontrole | 179 000 |
| Handelsvoorraad | ? |
| Toerusting | 45 000 |
| Verbruiksgoedere | 22 100 |
| Diverse rekeninge | 20 900 |

| Krediteure-afslagjoernaal | KAJ1 |
|---|---|
| Krediteurekontrole | 13 780 |
| Handelsvoorraad | 5 200 |
| Toerusting | 4 600 |
| Verbruiksgoedere | 1 780 |
| Diverse rekeninge | 2 200 |

2.2 **JARDIM HANDELAARS**

**GEVRA:**

Bestudeer die gegewe Debiteurekontrole grootboekrekening en beantwoord die volgende vrae:

2.2.1 Verskaf die besonderhede vir die inskrywing van R21 000 aan die kredietkant. (1)

2.2.2 Verskaf die besonderhede vir die inskrywing van R17 000 aan die kredietkant. (1)

2.2.3 Verskaf die joernaalfolio vir die inskrywing van R42 000 aan die debietkant. (1)

2.2.4 Watter brondokument sal die inskrywing van R21 000 aan die kredietkant ondersteun? (2)

2.2.5 Hoe kan die eienaar verifieer dat die eindsaldo korrek is? (2)

**INLIGTING:**

**ALGEMENE GROOTBOEK**
**BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING**
**Dt. DEBITEUREKONTROLE B5 Kt.**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2022 Feb. | 1 | Saldo | a/d | 51 000 | 2022 Feb. | 28 | ? | DAJ | 21 000 |
| | 28 | Verkope | ? | 42 000 | | | ? | KOJ | 17 000 |
| | | | | | | | Korting toegestaan | KOJ | 800 |
| | | | | | | | Saldo | o/d | 54 200 |
| | | | | 93 000 | | | | | 93 000 |
| Mrt. | 1 | Saldo | a/d | 54 200 | | | | | |

**35**

**VRAAG 3: AARP EN REKENINGKUNDIGE VERGELYKING (20 punte, 15 minute)**

**3.1** Pas die AARP-beginsel in kolom A met die korrekte beskrywing in kolom B. Skryf slegs die korrekte letter om die korrekte begrip in jou antwoordboek aan te dui.

| | KOLOM A | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| **3.1.1** | Besigheidsentiteit | **A** | Uitgawes en Inkomstes moet in die korrekte tyd periode geboekstaaf word. |
| **3.1.2** | Lopende saak | **B** | Bate word aangeteken teen die oorspronklike prys wat dit aangekoop was. |
| **3.1.3** | Parings | **C** | Finansiële state word voorberei met die aanname dat die besigheid sal aangaan in die voorsienbare toekoms. |
| **3.1.4** | Historiese koste | **D** | Die sake van die eienaar en die besigheid moet apart gehou word. |

(4)

**3.2 HILKE HANDELAARS**

**GEVRA:**

Ontleed die effek van die volgende rekening in die tabel aan jou voorsien. Aanvaar dat die banksaldo gunstig is ten all tye. (16)

**INLIGTING:**

| Nr. | Rekening gedebiteer | Rekening gekrediteer | Effek op | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | B | E/B | L |
| ***Vb.*** | *Handelsvoorraad* | *Krediteurekontrole* | + | *0* | + |
| (a) | Onttrekkings | Bank | | | |
| (b) | Debiteurekontrole | Verkope | | | |
| | Koste van verkope | Handelsvoorraad | | | |
| (c) | Huuruitgawe | Bank | | | |
| (d) | Krediteurekontrole | Skryfbehoeftes | | | |
| (e) | Bank | Kapitaal | | | |
| (f) | Voertuie | Bank | | | |
| (g) | Verbruiksgoedere | Krediteurekontrole | | | |

**20**

**TOTALE PUNTE: 100**

Kopiereg voorbehou